Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

Weeklikse Brood vir **16 – 22 Augustus 2020**
**Elfde** week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Genesis 45: 1-15**
*Skriflesing vir volgende week: Psalm 124*

## **Sondag – *Ingenooi in God se rus en tyd***

- ✓ Om te vergewe (en om vergewe te word...) kan emosioneel wees! Dit hoef nie, maar dit kan. Voordat jy kan vergewe, moet jy natuurlik eers 'n wilsbesluit neem om te vergewe. Gevoelens is nie betroubaar nie, dit wissel te veel.

Lees ***Psalm 133***.

- ✓ Hierdie Psalm is 'n pelgrimslied. Dit is 'n lied wat gesing is wanneer die aanbidders na die tempel toe gegaan het en die sentrale tema is die eensgesindheid onder gelowiges. Daar is 'n direkte verband tussen eensgesindheid tussen gelowiges en die Here se seën.
- ✓ Identifiseer die twee beelde waarmee die digter God se seën vergelyk.
- ✓ Waar (*leefruimte*) moet die gelowige God se liefde bewys? Dink oor geleenthede wat jy vandag het om dit te doen.

Lees ***Genesis 45: 1-16.***

- ✓ Kies elke oggend om vergewensgesind te leef!

## ***Maandag - Luister na God se Woord***

Lees ***Romeine 11: 1, 2a, 29-32***.

- ✓ Sommige Jode het die evangelie wat aan hulle verkondig is, verwerp. Identifiseer Paulus se bewys dat God nie sy weerspannige volk verwerp het nie.
- ✓ God se bedoeling is dat sy genade en seën van een groep na die ander moet voortvloei. Hy het die Israeliete geseën deur die koms van die Messias. Met wie moes hulle die seën deel? Wat het gebeur toe hulle ongehoorsaam word? Wat verwag God nou van die nie-Jode oor wie Hy Hom ontferm het?
- ✓ Aanbid God wat Hom in Christus oor sondaars uit alle volke ontferm.

## ***Dinsdag - Luister na mekaar***

- ✓ Dink na oor jou verhouding met jou medegelowiges in die gemeente en mense in die gemeenskap. Sou jy die woord eensgesindheid gebruik om hierdie verhoudings te beskryf?

Lees ***Psalm 133.***

- ✓ Identifiseer die wysheid wat die digter in hierdie pelgrimslied oordra.
- ✓ Die eerste beeld is die van reukolie waarmee Moses sy broer Aaron as hoëpriester gesalf het. Die geurige olie versprei van sy kop na sy baard na sy klere. So spoel die verkwikkende dou van die Hermonberg in die noorde van Palestina kilometers verder na die berge van Sion.
- ✓ Hierdie beelde illustreer die seënende effek van gelowiges op die gemeenskap en omgewing wanneer hulle eensgesind saamwoon.
- ✓ Dink oor die effek van families wat in harmonie met mekaar saamleef op die huisgesin van God.

### *Woensdag - Luister na ander en die tye*

Lees ***Romeine 11: 1, 2a, 29-32***.

- ✓ Identifiseer die vers wat die onveranderlike trou van God vir jou die duidelikste verwoord. Hoe wyd strek God se ontferming?
- ✓ Dink aan onlangse nuusberigte wat jou laat besef het daar is mense wat God se genadegawes verwerp en leef asof daar geen God is nie.
- ✓ Paulus wou deur sy lewe ongelowiges uit die Jodedom jaloers maak sodat hulle ook gered kon word. Bid dat die lewe van ons gemeentelede ongelowiges na Christus toe sal trek.

### *Donderdag - Luister weer na God se Woord*

Lees ***Psalm 133*** en ***Lees Matteus 15: 21-28***.

- ✓ Jesus se bediening bereik hier 'n draaipunt. God se genade brei uit na ruimtes buite Israel se grense. Tirus en Sidon was twee nie-Joodse stede in Fenisië. 'n Nie-Joodse vrou verbreek op 'n dag alle destydse kulturele taboes: Sy nader Jesus met 'n smeekgebed om hulp vir haar geestesiek dogter. Hoor die titels waarmee sy Jesus aanspreek.
- ✓ Wat kan mens uit Jesus se swye aflei? Hoor hoe begrens Hy aanvanklik sy sending na die wêreld.
- ✓ Die vrou volhard in haar smeking. Wat is die inhoud van haar geloof? Jesus help haar uiteindelik, al is sy nie deel an die Godsvolk nie.
- ✓ Prys God wat vir Hom 'n nuwe volk uit al die nasies versamel.

### *Vrydag - Fokus op wat God nou doen*

Lees ***Genesis 45: 1-15*** *en* **Psalm 133***.*

- ✓ Psalm 133 se wysheid speel hier uit in die toneel van Josef se versoening met sy broers. Wat sou die effek van hierdie gebeure op die ander paleisbewoners wees?
- ✓ Josef sien die groter prentjie van God se optrede agter die onreg van sy broers. Identifiseer God as handelende persoon in wat Josef vir sy broers sê. God het die onreg van sy broers omgebuig om baie lewens te red.
- ✓ Soms is een gelowige persoon genoeg om die Here se guns en seën in 'n situasie te ontsluit. Jesus het in ons plek onreg gely.
- ✓ Dank God dat Hy die slegste omstandighede omkeer om sy seën wyd te laat uitstroom.

### *Saterdag - Antwoord met jou lewe*

- ✓ Hierdie Saterdagoggend gee vir jou die geleentheid om voor God besluite te neem oor hoe jy op sy ontmoetings en gawes van die afgelope week wil reageer. Jy het nou kans om te antwoord en te doen. Dink aan die gawes wat God vir jou gee, waarmee jy sy volheid sigbaar kan maak in jou lewe.

Lees ***Romeine 11: 1, 2a, 29-32.***

- ✓ Fokus op die beeld wat die skrywer hier van God skilder. Wat leer jy hierdeur van God se Vaderhart?
- ✓ Ons word ook opgeroep tot aksie om God se ontfermende liefde uit te dra. Dink aan ongelowiges of twyfelaars buite die kerk wat jou vriende is. Hoe is jy betrokke by hulp aan armes en mense wat onreg ly in die gemeenskap?
- ✓ Bid dat God jou hart sal aanraak vir gelowiges wat openlik afdwaal en sondig. Besluit om doelgerig grense tussen mense af te breek en versoening te weeg te bring.

# Familie Tuisblad

**16 – 22 Augustus 2020**

in samewerking met *nous.org.za*

## Fokus vers

**Genesis 45: 5**

"Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie want God het my voor julle uitgestuur om lewens te red."

## TEMA van die week

God is in beheer…

## BYBEL tyd

**So:** Genesis 45: 1-15
**Ma – Di:** Matteus 15: 10-28
**Wo – Do:** Psalm 133
**Vr – Sa:** Romeine 11: 1-2a; 29-32

## BID tyd

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Maak ons tafel 'n plek van harmonie en vrede sodat ons U gawes kan ontvang en waardeer. Amen.

**Oorgee–gebed**
Help my om ander hoër as myself te ag en nie altyd my sin te wil hê nie. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jy vandag in harmonie en vrede met mense wees.

## GESELS tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel–tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- Wat is eensgesindheid en hoe lyk en klink dit as dit nie daar is nie?
- Vertel van 'n keer toe jy en 'n vriend nie eensgesind was nie.
- Wat moet jy doen as jy en 'n ander persoon 'n meningsverskil het?
- Moet jy altyd die minste wees ter wille van vrede en is jy dan nog eensgesind?
- Hoekom is eensgesindheid 'n seën vir ander?

## SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit–tyd saam

Gee vir elkeen 'n A4 papier en potlode. Elkeen dink aan een storie van hulle familie of groep wat iets interessant vertel oor die familielid of familiegroep. Die volwassenes moet verkieslik aan 'n storie dink wat die kinders nog nie gehoor het nie. Kinders kan weer dink aan watter storie hulle graag vir iemand anders buitekant die groep vertel. Elkeen teken iets van die storie, en kry kans om die storie vir die res van die groep te vertel.

## DOEN tyd

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Kontak 'n familielid of vriend met wie julle lanklaas gesels het.

## LEEF tyd

Ons leef ons geloof heelweek uit

Berei saam 'n akker in die tuin voor vir die lente wat aan die kom is. Besluit watter plante bly en wat uitgehaal moet word.

**16 – 22 Augustus 2020**
**Bybelstudie: Genesis 45: 1-15**
**Volgende week:** *Psalm 124*

Josef kon homself nie langer bedwing voor die mense wat hom bedien het nie. Hy het hulle almal beveel om van hom af weg te gaan, en daar was van dié wat hom gedien het, nie een by hom toe hy hom aan sy broers bekend gemaak het nie. [2]Hy het so hard gehuil dat die Egiptenaars en die mense in die farao se paleis dit gehoor het. [3]Toe sê Josef vir sy broers: “Ek is Josef. Leef Pa werklik nog?”

Sy broers kon hom nie antwoord nie, hulle was te bang vir hom. [4]Maar hy het vir hulle gesê: “Kom na my toe!” en toe hulle nader kom, sê hy: “Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. [5]Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red. [6]Dit is nou maar die tweede jaar van hongersnood in die land. Daar lê nog vyf jaar voor waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie. [7]God het my voor julle uit gestuur om vir julle ’n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. [8]Dis nie júlle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my laat aanstel as die farao se raadgewer en as bevelhebber oor sy huis en as regeerder oor die hele Egipte. [9]Gaan dadelik na Pa toe en sê vir hom: 'So sê Pa se seun Josef: God het my aangestel as regeerder oor die hele Egipte. Kom na my toe. Moenie talm nie, [10]kom bly in die Gosenstreek. Dan is Pa naby my: Pa en Pa se seuns en kleinseuns, die kleinvee en grootvee en alles wat Pa besit. [11]Ek sal vir Pa daar onderhou, want daar lê nog vyf jaar hongersnood voor. So sal Pa nie verarm nie: Pa en Pa se familie en almal by Pa.'[12]Julle sien self, en my broer Benjamin sien dit ook: dis ek wat met julle praat. [13]Julle moet vir Pa vertel van al my mag hier in Egipte en van alles wat julle gesien het. Maak gou en bring vir Pa hierheen.”

[14]Toe omhels Josef sy broer Benjamin en hy huil; ook Benjamin het op sy broer se skouer gestaan en huil. [15]Josef het al sy broers gesoen en daar by hulle gestaan en huil. Eers daarna het sy broers met hom begin praat.

Verskeie uitleggers wys daarop dat die Josef-verhale ’n ander karakter het as baie van die ander verhale wat in Genesis opgeteken is. Dalk is die duidelikste kontras met die ander verhale geleë in die feit dat God as sentrale karakter, nie genoem word nie.

Die skopus van die Josef-verhale is meer gerig op die gewone handel en wandel van mense binne die familielewe en die groter arena van internasionale gebeure. Hierdie nouer fokus het tot gevolg dat God as’t ware op die agtergrond is, wat selfs die vraag laat ontstaan: Waar is al die beloftes wat aan die voorvaders gemaak is?

Dit is as’t ware in antwoord op dié vraag wat Genesis 45 die draaipunt van die Josef-verhale vorm. Voordat ons na die betekenis daarvan kyk, is dit die moeite werd om na die struktuur van die hoofstuk te kyk:

1. Josef maak homself aan sy broers bekend (1-3).
2. Josef gee ’n teologiese interpretasie van sy reis op pad na slawerny (4-8).
3. Die resultaat van Josef se teologiese interpretasie (9-20): Aan die familie (9-14); Vader/seun (9-13); Broers (14-15); Aan die Egiptenare (16-20).

Die aanwesigheid van God kom duidelik na die voorgrond in Genesis 45: 5-8 waar Josef hom aan sy broers bekend maak en sodoende die konteks verskaf vir ’n teologiese interpretasie van sy lewensverhaal. Josef verduidelik aan sy broers dat die slegte bedoelings wat hulle met hom gehad het, deur God as deel van Sy plan gebruik is. Op sigself is dié insig nie so verrassend nie. Wat wel ’n mens se aandag trek, is die tydsberekening daarvan.

Die verwysing na God gebeur presies op die moment dat Josef self ’n transformasie ondergaan, naamlik van die posisie van ’n persoon met mag in die farao se ryk, na iemand wat weer ’n broer vir mede-broers word. Die tydsberekening is nie toeval nie want dit bevat weereens die kragtige boodskap dat teologiese insig en menslike optrede dikwels in tandem werk.

Die punt is dus nie om te bepaal wat eerste kom nie (menslike aksie of teologiese insig), maar om te besef dat Goddelike openbaring en etiese transformasie dikwels aanvullend in die mense se lewe aan die werk is. Van watter perspektief jy dit ook al beskou, van God of van die mens se kant, dit bring jou by dieselfde konklusie: die krag van God se beloftes raak weer deel van die verhaal. En dit lei weer daartoe dat die verhaal 'n spesifieke rigting inslaan, naamlik op weg na familie-eenheid (9-15).

Verse 9-20 kom weer uit by die familie-motiewe wat so sentraal is in Genesis 37. Verwysings na die seun, vader en broers domineer as't ware die res van Josef se toespraak. Vanaf 'n verhaal waar daar geen *shalom* (vrede) in die familie is nie, wat dan die wyer sosiale en politieke wêreld infiltreer (Josef se wegvoering), bring dié verse 'n verskuiwing waar die familie-eenheid herstel word met 'n positiewe uitwerking op die Egiptenare. Die farao word selfs aan ons voorgestel as iemand wat Josef se familie in Egipte verwelkom en aan hulle selfs die beste van die land offer.

Aan die einde van die verhaal vra ons dus nie meer die vraag waar die krag van God se beloftes te sien is nie, want in sekere sin het dit elke deeltjie van Josef se wêreld geïnfiltreer.

Op hierdie hoogtepunt van die Josef-verhale is Josef in die posisie om met sy broers te doen net wat hy wil. Hy het al die mag in die hande, ook om te vergeld vir die leed wat hom aangedoen is. Tog is dit nie wat hy doen nie. Sy diepe droefheid getuig nie van iemand wat uit is op weerwraak nie.

In dié deel van die verhaal toon hy in elk geval meer swakheid as krag. Vir 'n oomblik doen hy afstand van sy magsposisie en raak met passie deel van die gebeure wat besig is om af te speel. Hy doen dit in die gees van versoening.

Tog is daar iets in Josef se taal wat verraai dat die versoening nog nie volledig voltrek is nie. Dit sou eers later gebeur (50: 15-21). Wat egter opval, is dat Josef nie van sy broers verwag om eers skuld te bely nie. Hy getuig eerder van die wyse waarop God aan die werk was deur al die gebeure en dit is vir hom die beslissende moment.

Wat God dus gedoen het, het Hy gedoen onafhanklik van die broers se belydenis en berou. In dié sin is Josef se woorde aan sy broers die goeie nuus van iemand wat dit in sy eie lewe ervaar het. So raak die dade van die broers, hoe afkeurenswaardig dit ook al was, 'n instrument in God se hand om weer heelheid in 'n familie te bewerkstellig.

**Bronnelys**


- Aalders, C H ***Genesis;***
- Brown, R E Fitzmyer, J A & Murphy, R E ***The New Jerome Biblical Commentary,***
- Brueggemann, W ***Genesis,***
- Coats, G ***Genesis,***
- Fox, E ***The Five Books of Moses,***
- Gillingham, S, **The Image, the Depths and the Surface**;
- Jonker, W D & Theron, PF ***Vreemde gemeenskap,***
- Jonker, W D & Theron, P F ***Vreemde bevryding,***
- Mann, T ***Joseph and His Brothers***
- Niditch, S **Chaos to Cosmos: Studies in Biblical Patterns of Creation**;
- Trible, P **God and the Rhetoric of Sexuality**;
- Van Wolde, E **Stories of the beginning**.
- Van Selms, A ***De prediking van het Oude Testament,***
- Von Rad, G ***God at Work in Israel,***
- Wallace, R S ***The story of Joseph and the family of Jacob,***
- Westermann, C ***Genesis 37-50,***
- *Woord teen die Lig 11/3,* ***Riglyne vir prediking oor die Genesisverhale.***

**16 – 22 Augustus 2020**
**Kleingroep**
**In God se sorg**
**Genesis 45: 1-15**

Jesus Leef en ons met Hom

**1. Kontak met mekaar**
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Was jy al ooit deur 'n moeilike situasie waaruit jy iets waardevol geleer het?
    - Wat het jy geleer?

**2. Kontak met God**
Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 133** as 'n gebed.
Dink na oor jou ervarings van eensgesindheid tussen mense

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

**3. Kontak met die Woord**
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- Hoe verskil die Josef in hierdie verhaal van die Josef wat ons in hoofstuk 37 leer ken het?
- Josef is deur sy broers te na gekom. Nou is hy in die magposisie. Gesels oor die verskillende opsies waarop hy hulle kon hanteer het. Hoe sou jy dit hanteer het?
- Hierdie gedeelte gaan oor vergifnis. Wat is die nadele om nie te vergewe nie? Wat is die voordele om te vergewe?
- Gesels oor hierdie gedagte: Ons hou van die idee dat God ons vergewe en ons gryp dit aan, maar ons hou nie daarvan om ander te vergewe nie.
- Josef vergewe sy broers voordat hulle jammer gesê het. Soos ons by Jesus ook leer: vergifnis is nie afhanklik van 'n verskoning nie (versoening is wel). Hoe dink julle hieroor?
- Hoe help die verhaal van Josef jou in die hantering van beproewing, seer en ongeregtigheid?
- Noudat jy met hierdie verhaal van vergifnis gekonfronteer is, na wie toe stuur God jou?

**4. Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

**Pitkos:**

Wat is die kuns van die lewe? Hoe leef ’n mens saam met God? Waar vind jy die wysheid om boonop reg te leef? Die Josef-verhaal kon net so wel deel uitgemaak het van die sogenaamde Wysheidsliteratuur van die Bybel (soos bv. Spreuke en Prediker).

Hierdie verhaal wil sy lesers onderrig en hulle leer dat die sin van alles in die lewe en dit wat met hulle gebeur, deel is van God se pad met hulle. Die Josef-verhaal is ’n lang verhaal en beslaan dertien hoofstukke in die boek Genesis. Geleerdes meen dat die Josef-verhaal gedurende die na-ballingskap-periode opskrif gestel is, toe die Jode uit ballingskap teruggekeer het en weer moes leer glo dat alles wat met hulle gebeur het, deel van God se plan is.

Die verhaal van Josef in die Bybel vertel vir ons hoe iemand in ’n wrede wêreld slegs met God se geselskap oorleef het. Dis ’n verhaal wat vertel hoe Josef val van die geliefde seun van sy vader, Jakob, tot ’n slaaf, iemand wat nie eers aan homself behoort nie. Ondertussen verander Josef van ’n selfgesentreerde rammetjie-uitnek-tiener na ’n jongman wat in alles met God rekening gehou het.

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek? Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

# 3 is GENOEG

'n saam-glo dissipelskap gesprek

**Biduur: 16 – 22 Augustus 2020**

## 3 STAPPE

'n 3iG-groep is saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

## 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

## 1 GESPREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.

## saam B.I.D

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

**B.I.D. staan vir**:
**B**: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.
**I**: Intree vir ander ( bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).
**D**: dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.
LEWENS-LEUSE: Bely ook elke oggend en aand **Markus 12: 29-31** – dis Jesus se leuse vir 'n betekenisvolle lewe. Begin by die woord "Luister…" Die woord "Israel" kan jy vervang met "kinders van God".

## saam GROEI

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Wat is die kuns van die lewe? Hoe leef 'n mens saam met God? Waar vind jy die wysheid om boonop reg te leef? Die Josef-verhaal kon net so wel deel uitgemaak het van die sogenaamde Wysheidsliteratuur van die Bybel (soos bv. Spreuke en Prediker). Hierdie verhaal wil sy lesers onderrig en hulle leer dat die sin van alles in die lewe en dit wat met hulle gebeur, deel is van God se pad met hulle. Die Josef-verhaal is 'n lang verhaal en beslaan dertien hoofstukke in die boek Genesis. Geleerdes meen dat die Josef-verhaal gedurende die na-ballingskap-periode op skrifgestel is, toe die Jode uit ballingskap teruggekeer het en weer moes leer glo dat alles wat met hulle gebeur het, deel van God se plan is. Die verhaal van Josef in die Bybel vertel vir ons hoe iemand in 'n wrede wêreld slegs met God se geselskap oorleef het. Dis 'n verhaal wat vertel hoe Josef val van die geliefde seun van sy vader, Jakob, tot 'n slaaf, iemand wat nie eers aan homself behoort nie. Ondertussen verander Josef van 'n selfgesentreerde rammetjie-uitnek-tiener na 'n jongman wat in alles met God rekening gehou het.
Lees **Genesis 45:1-15**.

## saam GESELS

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation.)

1. Hoe moeilik of maklik is dit om iemand te vergewe wat jou lewensdrome so te sê verwoes het? 2. Hoe kry iemand dit reg om met die bril van die geloof God se troue voorsiening en sorg te midde van die kwaad en onreg wat mense ons aandoen, raak te sien? Noem voorbeelde uit jou eie lewe. Wat het hierdie gewaarwording van God se sorg vir jou beteken? 3. Dink julle Jesus-navolgers kan God as Vader liefhê as daar bitterheid teenoor julle broers en susters in julle harte is? Gesels nou oor die wyse waarop God vergewe en hoe dit ons help om ander te vergewe. 4. Twee keer herhaal Josef da thy hulle broer is (verse 3-4). Probeer julle in die skok en ongeloof van die broers inleef. Hoe maak 'n mens as die onreg uit jou verlede soos 'n groot spook voor jou kom staan? 5. Die Here kan op sy weg met ons, ons oë só Oopmaak dat die bose dade van mense teenoor ons deurskynend word. Só deurskynend dat jy dwarsdeur dit kan kyk. En dan sien jy God se vermoë om alles ten goede te laat meewerk vir dié wat Hom liefhet. Soms gebeur dit ook dat ons met die beste wil in die wêreld, selfs na jare se wag, geen positiewe gevolg vir onsself sien voortvloei uit 'n onreg wat ons aangedoen is nie. Beteken dit dan nou dat God ons minder liefhet en minder vir ons sorg as wat Hy vir Josef gedoen het? Motiveer julle antwoord. 6. Vir Josef was dit 'n ontdekking dat God hom gestuur het. Jesus sê dat Hy ons stuur soos die Vader Hom gestuur het (Joh.20). Omskryf julle gestuurdheid as volgelinge van Jesus.

## saam STAP

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om God se wil te onderskei.** "Sin is an unwillingness to trust that what God wants is our deepest happiness. Until I am absolutely convinced of this I will do everything I can to keep my hands on the controls of my life, because I think I know better than God what I need for my fulfillment" (David Benner). Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om ons oop te stel vir God se stem en rigtingwysers vir ons lewe. Lees hieroor: Joh. 16:7; Fil. 1:9-10; 1 Joh. 4:1; Jak. 1:5.
.

**Doen-dinge**:
1. Maak 'n lys van die belangrikste besluite wat jy nou moet neem. Wat neem jy alles in ag in jou besluitnemingsproses?
2. Oefen om in stilte op God se leiding te wag.
3. Praat met God oor die begeertes van jou hart en oor jou drome.
4. Watter lesse het jy geleer uit besluite wat jy in die verlede geneem het?

**Dink-dinge**:
1. Waarna smag jy? Is daar dinge wat keer op keer herhalend terugkom? Waarmee worstel jy? Wat maak jou entoesiasties en opgewonde?
2. Heroorweeg jou besluitnemingsproses in die lig van jou wandel met God in sy Woord. Herformuleer die proses.
3. Het God slegs een bloudruk vir jou lewe? Waarom of waarom nie?

# Familie Tuisblad

**16 – 22 Augustus 2020**

in samewerking met *nous.org.za*

## fokus vers

**Genesis 45: 5**
"Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie want God het my voor julle uitgestuur om lewens te red."

## TEMA van die week

God is in beheer…

## BYBEL tyd

**So:** Genesis 45: 1-15
**Ma – Di:** Matteus 15: 10-28
**Wo – Do:** Psalm 133
**Vr – Sa:** Romeine 11: 1-2a; 29-32

## BID tyd

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Maak ons tafel 'n plek van harmonie en vrede sodat ons U gawes kan ontvang en waardeer. Amen.

**Oorgee–gebed**
Help my om ander hoër as myself te ag en nie altyd my sin te wil hê nie. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jy vandag in harmonie en vrede met mense wees.

## GESELS tyd

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel–tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- Wat is eensgesindheid en hoe lyk en klink dit as dit nie daar is nie?
- Vertel van 'n keer toe jy en 'n vriend nie eensgesind was nie.
- Wat moet jy doen as jy en 'n ander persoon 'n meningsverskil het?
- Moet jy altyd die minste wees ter wille van vrede en is jy dan nog eensgesind?
- Hoekom is eensgesindheid 'n seën vir ander?

## SPEEL tyd

Ons spandeer kwaliteit–tyd saam

Gee vir elkeen 'n A4 papier en potlode. Elkeen dink aan een storie van hulle familie of groep wat iets interessant vertel oor die familielid of familiegroep. Die volwassenes moet verkieslik aan 'n storie dink wat die kinders nog nie gehoor het nie. Kinders kan weer dink aan watter storie hulle graag vir iemand anders buitekant die groep vertel. Elkeen teken iets van die storie, en kry kans om die storie vir die res van die groep te vertel.

## DOEN tyd

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Kontak 'n familielid of vriend met wie julle lanklaas gesels het.

## LEEF tyd

Ons leef ons geloof heelweek uit

Berei saam 'n akker in die tuin voor vir die lente wat aan die kom is. Besluit watter plante bly en wat uitgehaal moet word.